# VOORGESKREWE GEDIGTE - AFRIKAANS
# GRAAD 6

**Reënboog**

Die reënboog het nou net geval
uit die wye grysblou lug,
nou lê hy daar in onse dam
so kleurvol op sy rug.

Ek wens ek kan so diep induik
en al die kleure vang;
ek sal hul in my kamer
soos wonderlinte hang.

Vir Ma gee ek 'n rooie,
en Pa hou mos van blou;
vir Boetie gee ek geel en groen,
die ander sal ék hou.

Dan dink die dorp se mense
die reënboog het verdwyn,
maar min weet hul hoe wonderlik
die kleure by óns skyn.

**Hester Heese Uit:**
**Sêra Madêra Tafelberg**

**Die verkleurmannetjie**

Daar op die vy'boom sit die vabond,
So sedig soos 'n predikant;
maar glo tog nie dat hy so vroom is -
nee, regtig nie, hy is astrant!

As jy hom aanraak, dan verkleur hy –
geel, rooi, grys, bruin, en blou en groen;
sy hele vel blink soos die skulpies
se binnekant met perlemoen.

So teem'rig sit hy op sy takkie
die muggies met sy tong en vang,
en met sy ronde oë maak hy
die spinnekoppe algar bang.

Hy draai sy nek soos 'n toktokkie,
of soos 'n papie uit die klei,
en kyk so sedig na die vliegies
as hy die goed nie beet kan kry.

Arrie, ek hou van jou, kleurklasie!
Jy gaan jou lewe deur so mooi;
jy steur jou nie aan wat die mense
so praat of skinder en flikflooi.

Jy steun op niemand nie, kleurklasie –
net op jou takkie en jou tong.
Verkleur maar more net soos gister;
en as jy oud word, bly nog jong!

**deur C. Louis Leipoldt**